Jesus is die Here/Jesus het opgestaan

The beginning of anxiety is the end of faith, and the beginning of true faith is the end of anxiety. —George Muller

Jesus is die Here/Jesus het opgestaan

Die vroeë Christene het dikwels ‘n liturgiese groet gebruik om hulle as deel van die geloofsgemeenskap te identifiseer. Daar is veral twee wat van belang was.

- Jesus is die Here (*Kyrios Iesous*)

As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word (Romeine 10:9). Paulus sê ook: *Niemand kan sê: “Jesus is die Here” nie, behalwe deur die Heilige Gees* (1 Korintiërs 12:3)

Jesus is die Here het vir die vroeë Christene en vir Paulus as ‘n primitiewe toets van lojaliteit gedien. Die sprekers sou die teologiese en sosiologiese implikasies van so ‘n uitspraak verstaan het – absolute gehoorsaamheid aan Christus. Dit was ook dikwels die eerste woorde wat persone wat gedoop is, gesê het as hulle uit die water gekom het. Dit sê nie alleen wat Christus se identiteit is nie, maar verwerp ook die heidense aanpraak: Die keiser is here.

- Jesus het opgestaan (*Alethos Aneste!*)

Hierdie is ‘n groet wat nog in Ortodokse kerke gebruik word

wanneer twee Christene mekaar met ‘n heilige soen op Paassondag groet. Die inisieerder begin: “Jesus het opgestaan,” terwyl die ander een reageer met: “Hy het waarlik opgestaan.” Die presiese oorsprong van hierdie groet is onduidelik. Party mense verwys na Lukas 24:34, maar dit is onseker.